Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: «Jesus Christus is Here!» tot eer van God die Vader. (Phi 2:5-11 A83)

1. Christus se nederige gesindheid en gehoorsame geaardheid.

Selfs onder groot stres en in die mees haglike omstandighede, het hy hom as gehoorsaam aan die wil van die Vader bewys. Hy het aan hom alle eer betoon en homself so as ware en egte seun van God bewys en sodanig sy missie perfek vervul. Selfs in vernedering, marteling en selfs tot in die dood het hy nie een voet verkeerd gesit nie, maar was bestendig in goed doen en het volhard deur die mense te wys, hoe vriendelik God teenoor hulle gesind is, hoe goed sy bedoelings vir hulle is en hoe hy alles so inrig en uitvoer, dat dit ons mense uiteindelik ten beste dien en tot seën strek.

Alhoewel hy self God is, het hy sy gewig nie rond gestoot nie, het nie sy verdiende eer opgeëis nie, maar het homself veel eerder verneder en homself so laag soos ‘n slaaf gehou, het homself as dienskneg gedra en het die gewone mense tot die uiterste gedien in helpende woord en liefdevolle daad – nie net vir die, wat hom kon betaal of bekostig nie, maar eerder vir die, wat sy hulp die meeste nodig gehad het: Siek mense, die wat gely het, wat met duiwels en bose geeste besette was, armes, verstote soos tollenaars en prostitute, vergete weduwees, wese kinders en selfs uitlanders soos Samaritane. Hy het hulle gevoed, genees, bekeer, van duiwels bevry, uit die dode opgewek en sodoende net die beste vir sy medemense bedink en gedoen. In die nag toe hy verraai is, het hy sy dissipels die voete gewas. Nou dit is regte slawediens daardie. Hy het ook nie toegelaat, dat Petrus die werk sou stop sit nie. Petrus het herhaaldelik probeer om hom van sy goeie pad af te rokkel. Tevergeefs! Jesus was getrou, bestendig en het voet by stuk gehou om die wil van sy vader uit te voer – tot en met die kl. detail.

Toe Johannes die doper hom nie wou doop nie, omdat Jesus so veel hoer en meer was as hyself, en omdat hy eintlik nie eens werd was om Jesus se skoenveters los te maak nie, het hierdie woorde wisseling gebeur en ons lees die verse by Matteus. *Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: «Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe?» Jesus het hom geantwoord: «Nogtans moet jy dit nou doen,* ***want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen****.» Daarna het Johannes ingestem.* (Mat 3:14-15 A83) Sien, dit is waaroor dit vir Jesus gaan: Ons moet aan die wil van God voldoen. En die wil van God is, dat ons hom bo alles moet lief hê, vertrou en ook vrees – en ons medemens liefhê soos onsself.

Nog ‘n kenmerkende voorbeeld van Jesus se gehoorsame vernedering was toe hy sy dissipels se voete gewas het. Dit is nou inderdaad die werk van ‘n baie lae huiskneg en somer min gekwalifiseerde slaaf die. En dit is die soort werk wat die Here vir ons en ons verlossing behartig en uitvoer. Ons lees by Johannes: *“Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad. Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas seun van Simon Iskariot op die gedagte gebring om Jesus te verraai. Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan. Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek gevat en om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het. Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir*

Hom: «Here, gaan Ú mý voete was?» En Jesus antwoord hom: «Wat Ek doen, begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan.» Maar Petrus sê vir Hom: «U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!» Daarop sê Jesus vir hom: «As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.» Simon Petrus sê toe vir Hom: «Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig. En Jesus sê vir hom: «Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie.» Jesus het geweet wie Hom sou verraai; daarom het Hy gesê: «Julle is nie almal skoon nie.» Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: «Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen.» (Joh 13:1-18)

2. Die voorbeeld karakter hiervan en ook die sakramentele aspek daarvan.

Sien, Jesus het so vir ons 'n voorbeeld gestel. Soos hy vir ons gedoen het, moet ons ook doen. Daarmee spreek hy ons baie ernstig aan, want ons wil mos eerder baas speel en ander mense moet maar hul kant bring en ons eerbiedig en met respek behandel al is ons ook maar net arm, ellendige sondaars. Hoe vinnig is ons gekrenk, omdat ons beter verdien; is ons beledig, omdat ons nie tereg behandel is nie, verontwaardig, onplesierig en net plein die donner in. Jesus doen nie so nie. Hy ly alle hoon, smart en bittere teistering in onderdanige stilte en vrywillig vernedering. Toe hulle hom uiteindelik aan die kruis vasspyker – daar tussen die rowers en moordenaars – begin hy nie te reg vloek en kerm nie, maar bid hy vir sy vyande en martelaars: "*Vader vergewe hulle, want hulle weet nie, wat hulle doen nie!"* Uiteindelik gee hy homself oor aan die Vader: "Vader in U hande beveel ek my gees!" En so het hy gesterf: Gehoorsaam tot aan die einde, ja tot die dood aan die kruis.

Daarmee het hy vir ons 'n goeie voorbeeld gestel, wat ons moet navolg. Tog is dit is nie net 'n goeie voorbeeld nie, maar nog veel meer 'n sakramentele testament deur die Here self ingestel vir ons en vir ons verlossing. Die voorbeeld is deel van God se wet: Doen dit! Julle is dit verskuldig. Dit is wat van julle verlang word. 'n Sakrament daarenteen is God se gawe aan ons – ter vergifnis van skuld en sonde en sodoende ook vir ewige verlossing en saligheid met Christus. Dit is wat God vir julle doen, gee, skenk. Kry vir jou. Dit is verniet! Uit genade! Daar is die sigbare teken: Christus aan die kruis. Hier is die goddelike bevel en instelling van Christus: *"Dit moes alles so gebeur!"* Laastens die blye boodskap van vergifnis en versoening: "*Kyk daar die lam van God, wat die wêreld se sonde dra!*"

3. Sy verheffing tot hoogste eer en sy naam, waarin ons verlossing en ewige saligheid vind.

Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: «Jesus Christus is Here!» tot eer van God die Vader. Ons buig al vandag ons knieë voor hom. Ons kniel neer voor sy aangesig en ontvang uit sy goedheid en genade vergifnis, versoening, ewige lewe en saligheid: "Dit is my liggaam vir julle in die dood gegee. Dit is my bloed, wat uitgestort is vir julle tot vergifnis van al jul sondes – veral julle groot- en hardkoppigheid, vermetelheid, uitspattigheid en grootbekkigheid. Leer van my nederigheid, liefdevolle en vreedsame optrede, versoening, gehoorsaamheid. Ek het dit vir jou gedoen, so dat jy met God versoen in ware vrede kan lewe – nou en altyd. Daarom bely ons: My Here en my God – wees my 'n arme sondaar genadig. Nou en altyd. En hy belowe vir jou: Gaan heen in vrede. Jou sondes is jou vergewe in die naam van God die Vader, die seun en die Hl.Gees. Amen.